

# Voordele van UA in lewe en dood

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek het verlede week hier geskryf oor die gebruik van 'n uittreeannuïteit (UA) teenoor 'n trust as instrument vir boedelbeplanning as jy met groot bedrae kontant sit.

Ek wil vandag 'n bietjie dieper hierop ingaan. Ek doen dit veral omdat boedelbeplanning 'n veel breër konsep is as bloot die besparing aan boedelbelasting by die dood.

Boedelbeplanning gaan in die eerste plek oor die genot van jou bates in jou lewe, sonder blootstelling aan onnodige risiko's (waaronder belasting), en tweedens, ná jou dood, oor die voordeel vir jou afhanklikes en naasbestaendes.

Kom ons kyk nou eers na 'n UA as instrument in boedelbeplanning tydens jou lewe. Ek gaan nie weer die besonderhede van die belastingvoordele gee nie, want dit is beskikbaar in my vorige rubrieke (kyk hieronder hoe om daarby uit te kom). Kortliks net dit: Jou premies (dit wat jy spaar) is belastingaftrekbaar tot 'n sekere bedrag per jaar. Die groei in die UA is ook belastingvry.

Hier is nou die scenario waarop ek vandag wil fokus: Jy sit skielik met 'n klomp geld. Jy het jou huis of strandhuis of jou saak verkoop. Of jy het dalk die Lotto ge-

wen.

Wat doen ek daarmee, is 'n vraag wat ek gereeld kry.

Gesels met 'n kundige finansiële beplanner voordat jy enigiets doen, maar hier is solank 'n paar gedagtes: Die geld is 'n bate in jou boedel en sal vatbaar wees vir boedelbelasting by

die dood. Belê dit in 'n UA, dan kan jy die bedrag wat in jou boedel val, beperk tot die bedrag wat jy belê minus die jaarlikse aftrekkings vir inkomstebelasting wat jy kan geniet tot by die dood. Net die res is dan vatbaar vir boedelbelasting.

Daardie "res" (dit wat jy nie kon aftrek vir inkomstebelasting nie) kan ná aftrede vir jou van 'n belastingvrye pensioen voorsien. Jy gaan net inkomstebelasting betaal op daardie gedeelte van jou pensioen wat gefinansier word uit die geld (en die groei daarop) wat jy wel vir inkomstebelasting kon aftrek toe jy gespaar het.

Wat gebeur by die dood? Die geld is vir jou naasbestaendes beskikbaar (onthou, die tweede doelwit van boedelbeplanning wat hierbo genoem is). Hulle kan dit neem in die vorm van 'n maandelikse pensioen (soos wat jy sou gedoen het), of as 'n kontantbedrag.

Met die maandelikse pensioen sal hulle die opsie hê om te kies tussen 2,5% of 17,5% per jaar, wat baie kan help om hul eie belastingbeplanning te doen deur byvoorbeeld in sommige jare minder te onttrek en dus minder belasting te betaal.

Neem hulle die kontant, word die belasting gehef asof jy die dag voor jou dood afgetree het en dan geld die gunstiger belasting skaal vir kontantbedrae uit pensioenfondse.

Daar is 'n verdere opsie met daardie onverwagte meevaller as dit om aftreeinkomste gaan. Jy kan vir jou 'n vrywillige annuïteit koop wat jou lewenslank 'n inkomste gee. Dit is 'n gewaarborgde inkomste en dit is baie belastingvriendelik.

Daar is verskeie opsies. Een daarvan is betalings lewenslank met 'n tienjaarwaarborg (wat ook al die langste is) of jou volle kapitaal terug by die dood, waar jy naasbestaendes kan begunstig.

■ Ek kry weekliks navrae van lesers op soek na vorige rubrieke. Gaan kyk gerus op [Netwerk24.com](http://Netwerk24.com). Klik op Sake en tik my naam in die soekveld. Kies dan die rubriek waarna jy soek.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com); Twitter: @Nicovangijsen**